

# Die Vader van die vaders

**W**at 'n kosbare waarheid is dit nie – vaderskap is God se idee! God het sy kinders na sy beeld geskep. Ons is die kroon van sy skepping.

God se oë is deurentyd op ons. Sy liefde duur tot in ewigheid; sy getrouheid bly onveranderd; sy wysheid is onbeperk. Elke vaderskapkwessie wat ons mag beleef, het God ons Vader reeds met ons, sy kinders, deurgemaak.

**V**aders beleef intense emosie. Net soos aardse vaders, vra God na die hart van sy kinders. Hy verheug Hom in sy kinders se lewe. Hy dans oor ons, Hy jubel oor ons. Maar Hy swyg ook in sy liefde oor ons (Sef 3:17).

God beleef dus ook teleurstelling, woede en seer in sy verhouding met ons. En dit vanweë ons ontrou, gebrek aan respek, ons ongehoorsaamheid.

Ons maak ons broers en susters seer, ons lieg en bedrieg, steel en vloek.

God sien ons hart en Hy voel intense emosie (Ps 30:5). Sy liefde vir ons is só groot dat Hy, die God van die heelal, Hom blootstel aan die seerkry wat altyd met liefde gepaard gaan.

Vaderskap vorm 'n kaleidoskoop van diepe emosie. 'n Vader se hele wese fokus op sy kind. Hy deel in sy kind se vreugdes en teleurstellings, asof dit sy eie is.

Daar is niks in vaderskap wat halfhartig kan wees nie.

Geen man sal ooit daardie oomblik vergeet toe hy die eerste keer sy kind gesien het nie. Die wonderwerk van 'n baba en die broosheid van nuwe lewe is 'n asemrowende werklikheid, en die wete dat hierdie wesentjie jónne is, maak jou tegelyk so sterk soos 'n leeu en so kwesbaar soos 'n lam.

**V**anwaar dan gevoellose vaders? Ons moet weet dat sulke soort vaders 'n ténnatuurlike verskynsel is, die produk van sonde. Wanneer 'n vader self seerkry en dit nie met God se waarheid verwerk het nie, stomp hy af. En daarom is hy geneig om ander mense seer te maak.

**W**at bepaal goeie vaderskap – emosie of waarheid? Wat maak 'n man 'n goeie vader? Kan 'n pa leer hoe om die verlede se foute te vermy? En hoe kan ons ons kinders beskerm teen die seer van ons eie kinderjare?

Elke ouer vra hierdie soort vrae. Elke ouer besef na 'n paar kort jare of selfs net enkele maande dat ouerskap moeiliker is as wat hulle gedink het. En die meeste ouers staan verslae voor die besef van hulle onvermoë.

Hier bring Jesus, soos altyd, die goeie nuus! Dit is juis vir mense soos ons wat Hy na die aarde gekom het. Ja, vir die onsekere, die gebrokenes, die onbeholpenes, die onsuksesvolles, die mislukkings.

Die Woord leer ons dat die vrees vir die Here die begin van wysheid is (Ps 111:10). Suksesvolle ouerskap begin by God. Hy het belowe dat Hy nie die geknakte riet sal breek nie (Jes 42:3). Hy genees die hart en herstel verhoudings.

**O**ns kinders het 'n gesonde vader en moeder nodig. Hulle smag na onvoorwaardelike liefde, toewyding en genade. Hulle soek na Goddelike grense en dissipline. Hulle het hulp nodig om tussen goed en sleg, veilig en onveilig, waarheid en leuen, en wys en onwys te kan onderskei. Hulle is jonk en onervare en aan vele gevare blootgestel.

Hulle het Godvresende ouers nodig. **LG**



DEUR RIEKERT EN PIPPA BOTHA

*Iemand het gesê: “Die beste ding wat 'n pa vir sy kinders kan doen, is om hulle ma lief te hê.” God se waarheid is: Die beste ding wat ouers vir hulle kinders kan doen, is om Hom lief te hê en na te volg.*

**Toets hierdie stelling met mekaar: “'n Volwasse, Godvresende vader vorm die grondslag van 'n gesonde gesin.”**

## Gebed

*“Mag die Vader van alle vaders jou seën en bekragtig om die beste pa vir jou kinders te wees. Mag jy Hom dophou in die verhouding wat Hy met jou het en mag jy bereid wees om sy Vaderskap na te boots. Mag jy nie die pyn daarvan vrees nie, maar daardie roeping omhels – met al die eer en heerlikheid wat God jou bied. Amen.”*

Die huwelik is vir God belangrik. Daardie spesiale verhouding tussen man en vrou vra egter vir aandag, liefde en doelgerigte saamwerk. Riekert en Pippa Botha gee hier raad vir julle twee.